# Hoofstuk van die dag: Psalm 47

*Al julle volke, klap julle hande; juig tot eer van God met ’n jubelende stem, want aan die Here, die Allerhoogste, kom eerbied toe; Hy is die Groot Koning oor die hele aarde.* (vers 2-3)

Enige iemand wat al op ’n sportstadion gesit het, sal weet hoe

oorweldigend ’n skare se applous kan wees. Daar is ontsaglike krag in die kollektiewe stem van ’n skare.

In Psalm 47 word al die volke van die aarde opgeroep om hande te klap en voor God te juig. Daarmee herinner die digter ons daaraan dat God nie net oor sy uitverkorenes regeer nie. Hy is Heer oor die ganse aarde.

Dink net hoe oorverdowend dit kan wees as alle volke God saam toejuig! Net God verdien só ’n magtige jubeling, want Hy is die Groot Koning wat oor die hele aarde regeer. Eendag in die hemel sal ons ons nie net só ’n loflied hoef in te dink nie. Ons sal inderdaad aan dié lof deelneem (Openb 5:13)!

Intussen mag ons nie met toe monde sit en wag op die ewigheid nie. Ons word nou al opgeroep om voor God te jubel en Hom te eer. Ons mag nie tans in die eredienste sing nie, maar ons kan Hom met ons lewens prys. Doen dit vandag!


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026